Ter herdenking aan Oupa en Ouma Scheffler(Staklies) se troudag in Kaapstad , `n eeu gelede vandag op 29 September 1906

In Januarie 1905 bevind Oupa hom op `n sendingpos van die Berlynse Sending, naby Gutu in die destydse Masjonaland. Hy is 31, het al kwaai onder malaria deurgeloop en is`n vrygesel wat die eensaamheid voel. Hy besluit om openhartig aan sy ou vriend en predikant, Pastor Ewald Edelhoff in Oos-Pruise, oor die delikate saak van `n lewensmaat te skryf. So gou as wat die antwoord hierop met die trae pos hom bereik, word twee dames se name en besonderhede aan hom toevertrou en stuur hy die beslissende kabel van net twee woorde: "Staklies, Scheffler".

En daarmee word ons Ouma, wat haar gewillig verklaar het om `n onbekende bruidegom en die woeste Afrika aan te durf, se lewe in een oomblik handomkeer verander. Lydia Staklies, `n bekwame boekhoudster wat in Konigsberg, Oos-Pruise gewerk en net buite die stad by haar ouers op hul kleinhoewe gewoon het, gee hierna haar eerste tree na die grootste avontuur van haar lewe. Begin Mei 1905 skryf Oupa sy eerste brief aan haar, asook een aan haar vader Sy antwoord hom in Junie met `n opgewekte, spontane, liewe brief . Hulle raak amptelik verloof en haar voorbereiding as sendelingsvrou begin onmiddelik. Sy moet Engels leer, die harmonium bemeester,`n bruidsuitset bymekaar kry, meubels uitsoek en laat verpak vir verskeping, `n mediese ondersoek ondergaan , haar toekomstige skoonvader Scheffler en familie gaan besoek en ook na ene Villa Malche gaan vir `n kursus saam met ander voornemende sendelingbruide om haar vir die nuwe lewe voor te berei.. Dan vind die dokter onverwags by haar `n hartklep-probleem; sy is fisies dus nie `n goeie kandiaat nie; maar, die paartjie besluit om voort te gaan met hulle planne, waaraan daar spoedig ook ander meer drastiese veranderings sou kom. .

Nou was dit weens Oupa se gesondheid. Reeds as kind swak en sieklik, kon hy na twee aanvalle swartwaterkoors wat hom byna sy lewe gekos het, nie langer in Masjonaland se Malaria- klimaat oorleef nie. Hoe graag hy ookal wou, want hy het elke oomblik van sy werk geniet, moes hy die N.G.-Sendingarts, dr.Helm, se raad volg en Kimberley toe vertrek waar hy`n derde aanval net-net oorlewe het het. Dit was vir hom die einde van `n jeug- en lewenslange droom, maar die begin van `n nuwe lewe met geweldige uitdagings.

Die verloofdes se korrespondensie word intussen strykdeur ywerig voortgesit, en uit hierdie briewe leer ons ons jong grootouers ken as twee gelowige, beskaafde, intelligente, welsprekende en ingeligte mense wat probleme rustig en logies kon bespreek en tot `n verstandige ooreenkoms kom. Dit was iets wat hulle lewenslank volgehou het as basis van hul liefdevolle volwasse huwelik. Lydia en Fritz het werklik`n opreg gelukkige huwelik van 31 jaar gehad, volgens die getuienis van almal wat hulle geken het.

`n Jaar en vier maade na daardie eerste briewe, vandag presies `n eeu gelede, kom Ouma Lydia dus alleen met die Duitse boot Feldmarschalk in Kaapstad aan .
Volgens Tannie Ruth, was Ouma heel verbaas oor Kaapstad so klein was: Mens kon `n hele paar van hulle in Konigsberg inpas was, haar kommentaar! Sy`t `n stad verwag ! Oupa was egter op die kaai om haar deur alles te help; hulle sou mekaar natuurlik van

fotos herken het. Hul lang, informele en hartlike korrespondensie sou hulle in staat gestel het om gemaklik te gesels, maar dit was weldeeglik hul eerste persoonlike ontmoeting! En dit moes spannend gewees het. Die troue sou nog dieselfde dag plaasvind!
Ouma sou by die Pastorie verklee het, iemand het `n paar rose en varings gepluk, en kort daarna is ons grootouers in die St. Matini-kerk in Langstraat deur pastor Fuchs in die huwelik bevestig. In die huweliksregister staan duidelik Ouma se sterk handtekening, asook Oupa s`n, syne wel as FK ipv die korrekte FC. Mens veronderstel dat die pastor die K vir Karl op die vorms ingevul het, en dat die bruidegom nie wou nie protesteer nie!

Ouma het toe reeds die een en ander van haar huis op Herbertsdale geweet want Oupa het haar `n goeie beskrywing in sy laaste brief van 9 Augustus 1906 gegee. Daar was ses vertrekke plus kombuis en spens, asook `n groot solder met verskillende kamers. `n Groot bonus was die uitgebreide tuin en vrugteboord.en in die groentetuin het Oupa reeds aartappels laat plant en die wingerd was gesnoei. Die huis was egter maar leeg aangesien die meubels uit Masjonaland nog moes kom.. Maar, hulle sou eers Ladismith toe gaan vir die sinodesitting.: `n kort huweliksreis dus, voor hul finale tuiskoms op Herbertsdale.

Dit was daar, in die pastorie, waar ook op 22 Januarie 1908 hul eersteling Anni gebore is. Dit was ook presies dieselfde huis waar Anni Stroebel in Desember 1932 as bruid ingestap het, want die N.G. Kerk het intussen die kerk en pastorie van die Berlynse Sending gekoop
Die res, soos ons weet, is ons familie-geskiedenis in Suid-Afrika.

Met groot erkentlikheid aan Oom Hans Scheffler en Alba Bouwer vir hul keur uit ons grootuers se korrespondensie: "Liewe Lydia~Liewe Fritz", Tafelberg-Uitgewers BPK 1972, asook aan my man Jan vir sy hulp met die fotos.

Protea Hubregtse (Stroebel)
Durbanville
29 Septmber 2006

Fotos:
1. Oupa na siekte in Masjonaland. Voorheen in Berlyn. Lydia Staklies, verlowingsfoto.
2. Lydia se moeder met haar kleindogter (Lena Zipplies) by hulle huis. Hier by Villa Malche het Ouma haar voorberei vir sendingwerk; haar kamer heel bo links met kruisie gemerk. Saam met haar kollegas en lektrises; sy is regs voor.
3. Lydia op besoek en kennismaking by haar aanstaande skoonvaner en familie.
Die troue. Eerste woonhuis: die Berlynse pastorie (later N.G.) op Herbertsdale.
4.Oupa op Mosselbaai met sy seuns. Die jong egpar met Anni.,verwagtend, op Mosselbaai. Ouma en haar Rutchen voor die stoep op Mosselbaai.

By geleentheid van die Scheffler familie-saamtrek te Welgemoed, Kaapstad, om die 100 jaar te herdenk op 28.10.06 Deel 2

Anni Stroebel se verblyf daar op Herbertsdale was maar `n skrale vyf jaar want op 5.1.1938 is haar man aan kanker oorlede en moes sy met ons en `n kerkpensioen van slegs R24 (twaalf pond) per kwartaal noodgedwonge Mosselbaai toe trek. Dit was in daardie stadium die enigste moontlikheid en ook `n praktiese oplossing. Ouma Scheffler is pas twee maande tevore aan `n hartaanval oorlede na meer as twee dekades in `n rolstoel.en die oudste dogter en haar Papa kon mekaar dus help.

Daardie eerste jaar kon Mamma weens trauma en depressie nie werk nie maar in 1939 het sy weer begin skoolhou net waar sy kon. Op die manier het ons die volgende jare nogal dikwels verhuis want daar was weens die oorlog en haar getroude status eers slegs tydelike poste: `n kwartaal hier, dan weer daar, o.a.ook `n hoofskap by `n skool in die George-distrik, Diepkloof. Uitendelik het sy tog weer `n vaste aanstelling by haar eie ou skool, die Parkskool op Mosselbaai, gekry en kon ons permanent daar bly.

Die Oupa wat van nou af ons Pappie se plek sou inneem, het egter vir ons altyd suiwer Oupa gebly! Ons het hom as `n minsame, liefdevolle mens ervaar, altyd uiters netjies op sy persoon, slaap-, studeer- en werkskame en. uit sy weermagopleiding het hy `n besondere gedissiplineerdheid saamgebring. Verder was hy knap met allerlei hout-hand-en herstelwerk, presies en korrek soos `n Pruis betaam. Teeen Mosselbaai se skuinstes was hy `n toegewyde terras-, muur- en tuinbouer, maar veral snoeier! Mamma het maar swaar gekry as hy besluit het om die Tecoma heining en die Bougainvillea net voor hulle moet blom te snoei! Vir hom was "Ordnung" noodsaaklik; Mamma was kunstig en meer geneig tot natuurlikheid in huis en tuin, met totaal ander prioriteite. Maar, Annanas het haar teenoor hom altyd as die dogter gedra. Wat hulle wel o.a. in gemeen had, was groot geduld en tydsaamheid. Hy moes `n halfuur voor ete al geroep word, sy het menige oggend laat by kerk of skool ingestap. Iets wat vir ons twee haastige ongeduldige Stroebels nie maklik was nie!

As gevolg van Oupa se destydse uitgebreide gemeente, moes hy kwartaalliks reise onderneem om Nagmaal te bedien, troues en begrafnisse ens. waar te neem. Mamma het maar ingespring met vervoer waar moontlik. Sy het na Pappie se dood besluit om die motor te hou en sy dadelik bestuurslesse geneem. (Sy het eers in haar sewentigs ophou bestuur en CBS 99, teen daardie tyd `n bejaarde wit Volksie-kewertjie, aan Tannie Ruth present gegee).

Mamma het elke oomblik van bestuur geniet, wat sy ook goed kon doen. Sy was niks bang nie en ons drie het die interessantste plekke besoek. Die Stroebels had `n paar rondawels by Holnek naby Morgan Bay in die Oos-Kaap en daarheen het ons drie ook gery met die oorspronklike Naasvale, CBS 99, later met die Morris Oxford. Wintervakansies is ons Kaap toe, oorgeslaap op Swellendam, en het al die familie in die Boland plus die Kaap bekuier. Natuurlik Kasteel en Tuine toe, Tafelberg op, soggends bioskoop toe vir kinderprente en na die Museum. Dan weer heerlike etes by Hildebrands,

die ondergrondse Duitse restaurant en ook na die orkes gaan luister in die groot Waldorf-teekamer in St George`s straat net agter Stuttafords. Ons het ongetwyfeld ook gereeld allerhande motor-avonture beleef soos verkeerd afdraaie, water wat kook in `n bergpas, `n vergete garage-olielap voor in die enjin wat rokend smeul en dramaties vlammend soos `n boog deur die lug trek. Senutergend vir ons twee maar `n Mamma wat alles hanteer, die probleem oplos en dan vrolik voortry. Hoe sy eintlik moes gevoel het, is waarskynlik`n ander saak!

Omdat Lydia ouer was, is sy aan meer skoolveranderings blootgestel as ek, wat op my beurt weer meer avonture in Engelse kleuterskole (drie keer) beleef en ook veel meer tyd by Oupa deurgebring het. Ook, toe sy twee jaar voor my universiteit toe is en ek alleen was saam met Mamma en Oupa, het hy `n enorme invloed op my gedagtevorming gehad, juis in my stormend-emosionele tienerjare. Ons kon enige ding onder die son bespreek en hy het my `n hele paar allerbelangrikste dinge help uitklaar waarvoor ek hom ewig dankbaar bly.

Terwyl die oorlog in Europa geduur het, het die feit dat ons familie Duits en dus teoreties "vyande" was, in die destyds grotendeels Engelssprekende Mosselbaai nie veel verskil gemaak nie. Gelukkig was die meeste van ons Engelssprekende bure ingeligte gebalanseerde mense wat al geslagte lank op Mosselbaai gewoon en die Schefflers goed geken het. Mamma het trouens vir meeste van hulle kinders skoolgehou want sy het in Engels-medium onderrig Daar was wel nou en dan `n Swastika op ons muur geskryf met swart vetkryt waarmee kinders inkleur! Waarskynlik kattekwaad, maar nogal moeilik om af te skrop. Ons is dus lastig geval met sulke bog, maar van diskriminasie was ek nooit bewus nie.

Ons kinderjare by Oupa in die yslike huis en tuin van die Lutherse pastorie was dus kommervry en baie avontuurlik. Sewe slaapkamers, `n heerlike sonstoep asook balkon met uitsig oor die baai en boonop die huis waarin Mamma ook grootgeword het. Daar was altyd speelmaats, vrugtebome, Oupa as sekuriteit en Mamma by dieselfde skool as ons. Mosselbaai se opdraendes, onvergelyklike klimaat en die heerlike swemplekke asook eenvoudige maar voedsame kos en baie slaap, het gesorg dat ons baie gesond en vry maar veilig kon grootword. Mamma was aktief in verskeie kultuur- en opvoedingsprojekte en het ons baie ruimte vir eie besluite toegelaat mits ons die neergelegde reels gehoorsaam! Daar was ook nooit by ons enige twyfel wat dit was nie.

Kersfees was natuurlik die hoogtepunt van ons jaar en altyd presies dieselfde: op die Duitse manier gedoen, met regte kersies, regop gehou met `n ryp appelkoos onder elkeen, ook lametta en elke kind wat natuurlik `n versie moes voordra. Oupa het ons Kerssang op sy viool begelei en daar is baie gesing, al die versies! Dan eers, nadat Oupa die Kersgeskiedenis voorgelees en gebid het, is die presente oopgemaak. Nou was die Honichkuchen en gemmerbier ook aan die beurt en ten slotte het ons kinders "starlights" gekry om op die stoep in die donker aan te steek en rond te swaai. Groot pret. Nog `n heerlikheid was natuurlik dat van ons ooms en tantes met niggies en neefs altyd in Desember kom kuier het en ons die heerlikste maats vir swem en speel gehad het! Daar

was plek vir almal want Mamma en ons het, met enkele uitsondelike koue nagte, in elk geval die hele jaar deur op die balkon geslaap. Met Tannie Huipie se sus ook in Montagustraat, was daar dus geen probleem nie.

Oupa het self sy gemeente se blaasorkes afgerig, elke groep hul eie wysie geleer vir die harmonie, deur voor te speel op sy viool. Daar was nie `n orrel in die kerk nie. Op Kersaand het die orkes egter by die huise kom speel en daardie besondere, amper weemoedige basuineklank, ken elke Duitse sendelingkind: ontroerend tot trane toe. Oujaarsaand weer, het darem ook sy eie sjarme gehad as dieselfde maar nou hoog vrolike blaasorkes, die dorp deur tot om die Punt, ritmiese geluide laat hoor en van goed voor tot lank na middernag die nuwejaar behoorlik verwelkom.

Ook Paasfees is volgens die stamland se tradisie gevier. Mamma het Ouma se graf met blomme versier, asook die ander sendeling-familie s`n, en sesuur die oggend is die diens daar in die kerkhof gehou, `n hele trek vir die gemeentelede van Tarka af. Mamma het eiers gekook, met voedselkleursel geverf en in die tuin weggesteek vir die volgende oggend se soekery. Ons was dit later altyd eens dat die sjokolade eiers `n groot verbetering op koue hardes was. Ons eie kinders moes weer vind dat hulle s`n in die son gesmelt het, veral die wat eers dae later opgespoor is!

Oupa het ons nooit enkeer self vermaan of oor dissipline aangespreek nie. Hy het wel sy dogter in kennis gestel as ons na sy mening oortree het en ook net vir baie ernstige sake: soos die keer toe ons sy piesangbome se bas afgetrek het net vir die lekker, sonder om te besef dat ons skade aanrig. Nog erger, toe ons met twee buurmaats op `n Sondagmiddag terwyl hulle rus, besluit het om met twee fietse "gou Kleinberg toe te ry", salig onbewus dat die plaas twaalf myl van die dorp was!

Aan die ander kant was daar ook altyd, op aanvraag, vir ons en al die maats, lekkers uit die blikkie in sy studeerkamer en heerlike stories uit Masjonaland, sy skooldae in Duitsland en sy opleiding as soldaat. Oupa het sy stories altyd woord vir woord dieselfde vertel, presies soos kinders daarvan hou. Dieselfde humor:`n glinster in die oog of sy kenmerkende `chuckle', soos hy dit self geniet, sonder om ooit by te las, te vergroot of weg te laat. Dis soos hy was, waarheidsgetrou. Die verhale het dan ook tot sy dood dieselfde gebly maar hoe ouer hy geword het, hoe meer stories uit sy kleintyd het bygekom, soos maar by ons almal wanneer ons meer tyd het om na te dink oor vergange dae en verdwene geliefdes.

Met Oupa se strengheid het ons dus nooit kennis gemaak nie. Hy was immers die Oupa! Ek het nooit `n meer liefdevolle, morele sterk en standvastige mens as hy leer ken nie. Altyd beginselvas, altyd betroubaar en eerlik. Dit is waar dat hy beslis nie maklk `n kompromis teen sy oortuiging sou aangegaan het nie. Hy was egter wel redelik en kon oortuig word met goeie argumente. Dit het ek meermale meegemaak. Maar, soos ons almal hopelik, het hy met die jare ook sekerlik meer toegeeflik geraak.
Ek beskou dit as `n groot eer en voorreg om so `n mens as voorbeeld en liewe Oupa te kon meemaak. Protea Hubregtse (Stroebel), Durbanville.